



Verbetering van voortydige geboorte en babasterftes in Afrika suid van die Sahara

Die bestudering van vaginale gesondheid tydens swangerskap kan navorsers in staat stel om nuwe ingrepe te ontwikkel om vroue met 'n risiko vir voortydige geboorte te identifiseer.

Dr Anna-Ursula Happel is 'n junior navorsingsgenoot by die instituut vir besmetlike siekte en molekulêre medisyne (Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine) by die Universiteit van Kaapstad.

ORCID ID:

<https://orcid.org/0000-0003-3658-8638>

Vroue met MIV staan 'n groter kans om voortydig geboorte te skenk, en babas wat voortydig gebore word, ly later in hulle lewe aan swakker gesondheid. Elke vrou moet 'n gesonde swangerskap ervaar en haar kind die geleentheid gee om sonder beperkings te groei en ontwikkel.

Voortydige geboorte lewer 'n groot bydrae tot die dood van pasgeborenes, wat vir 45% van sterftes by kinders onder die ouderdom van vyf jaar in Afrika suid van die Sahara verantwoordelik is. Babas wat voortydig gebore word, het swakker gesondheidsuitkomstes, wat in omgewings met beperkte hulpbronne vererger word.

Anna-Ursula Happel bestudeer die verwantskap tussen vaginale gesondheid (spesifiek vaginale bakterieë en virusse) tydens swangerskap en voortydige geboorte in Suid-Afrikaanse vroue met MIV. Die resultate van hierdie projek sal vir dokters en verpleegkundiges wat kliniese sorg aan swanger vroue in Suid-Afrika verskaf, waardevol wees. Dit sal ook tot voordeel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Strategiese Plan vir Moeders, Kinders en Vroue se Gesondheid wees.

“Dit is belangrik om die interaksie tussen vaginale virusse en bakterieë tydens swangerskap en met voortydige geboorte te verstaan



Versuim om geboorte-uitkomstes te verbeter, sal veroorsaak dat neonatale sterftes onaanvaarbaar hoog bly.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.



om nuwe diagnostiese metodes en ingrepe te ontwikkel om die voorkoms van voortydige geboorte onder vroue met MIV te verminder,” sê Happel.

Dit sal sterftes verminder en die gesondheid van babas in Afrika suid van die Sahara verbeter.

“As ons versuim om geboorte-uitkomstes te verbeter, sal neonatale sterftes voortgaan om onaanvaarbaar hoog te bly en sal ons voortgaan om kinders die geleentheid te ontnem om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel.”

